



# Die rol van sink in skaapvoeding

Deur Zeno Bester, Chemuniqué International

**D**ie voedingstatus van die laat-dragtige ooi bepaal haar melkproduksie, kolostrum-gehalte, wolproduksie en die prestasie van haar lammers. Die laat-dragtige ooi is onder geweldige stres en dit gee dikwels aanleiding tot probleme soos tenger en breekwol en verlaagde voerinnname. Speenskok en vervoer oor lang afstande veroorsaak ook stres by lammers.

Skaape word selde gevoer om volgens hul genetiese potensiaal te presteer. Deur noodsaaklike voedingstowwe soos verbyvloeioproteïene, fosfaat en spoorminerale strategies aan te vul, verhoog die opbrengs per ooi in terme van kilogram lam en wol per jaar.

Die spoormineraalstatus van die produserende dier is van kardinale belang om produksie te handhaaf en sink is sekerlik een van die belangrikste minerale wat 'n funksie het by reproduksie, immuniteit, klougesondheid en algehele groei. Die spoormineraalstatus van die ooi tydens dragtigheid beïnvloed beide haar produksie na parturisie asook haar lammers se groei.

## Positiewe effek van sink

'n Navorsingsproef by die Universiteit van Wyoming (2009) het sink in organiese vorm met Zinpro se Availa-Zn<sup>®</sup> aangevul by ooië 40 dae voor lam teen 80mg sink/kop/dag. Kolostrumgehalte het verbeter deurdat die IgG-vlakke toegeneem het. Die speentempo het ook met 10% toegeneem, wat heel moontlik aan die verbeterde kolostrum toegeskryf kan word.

Ooië wat die addisionele organiese sink ontvang het, het minder tekens van kliniese mastitis getoon en vinniger herstel. Die kontrolegroep het 'n groter afname in stapelsterkte en vesel-deursnee gehad as die ooië wat die organiese sink ontvang het. Die aanvulling van sink het dus 'n groot rol om te speel tydens die dragtige periode, waar tengerwol en breekwol gewoonlik problematies is.

In 'n tweede studie deur Kegley en Spears (1995) het dragtige ooië vir die laaste 30 dae voor die lamseisoen regdeur tot met speen 50mg organiese sink ontvang (Availa-Zn<sup>®</sup>), teenoor die kontrolegroep wat dieselfde vlak sink maar van anorganiese bronne soos sinkoksied ontvang het. Van die lammers wat uit die ooië gebore is, is aan speenskok onderwerp en oor lang afstande vervoer, waarna

hulle in 'n voerkraal geplaas is en 25mg sink (Availa-Zn<sup>®</sup>) of 25mg sink vanaf sinkoksied ontvang het.

Die ooië wat Availa-Zn<sup>®</sup> ontvang het, het minder distokia ondervind. Lammers van die ooië wat Availa-Zn<sup>®</sup> gevoer is, het 'n hoër GDT ( $p < 0,01$ ) gehad tydens dag 0-69 teenoor die kontrolegroep. Lammers wat in die voerkraal geplaas is en onder groot stres gebuk gegaan het, het laer serum-kopervlakke gehad, wat 'n aanduiding is dat hulle die stres beter hanteer het, aangesien diere onder stres-toestande hul koper uit die lewer onttrek en in die bloed stort, wat hoër vlakke tot gevolg het.

In 'n derde studie by die US Sheep Experiment Station in Dubois het ooië 30 dae voor die lamseisoen en vir 42 dae regdeur tot na lam 'n proteïen-aanvulling met of sonder Zinpro Availa-Zn<sup>®</sup> ontvang. Ooië op die Availa-Zn<sup>®</sup>-behandeling het 'n hoër DMI gehad in die laaste 30 dae van dragtigheid. As gevolg van die verhoogde voerinnname was die totale sinkinnname van die groep ooië 40% hoër as die kontrolegroep.

'n Soortgelyke waarneming is deur Hatfield (1992) gemaak, waar voerkraallammers wat Zinpro-sink ontvang het meer gevreet het as die kontrolegroep sonder sinkaanvulling. Melkproduksie op dag 28 was ook hoër by die Zinpro-ooië as die kontrolegroep ( $p = 0,09$ ). Die resultate stem ooreen met navorsing by melkbeeste, waar melkproduksie met 6,16kg toegeneem het met die aanvulling van Zinpro-sink ( $p = 0,01$ ). Lammers se GDT was hoër by die Zinpro-gevoerde ooië op dae 28, 42 en 59 oud ( $p < 0,03$ ).

In 'n proefneming by die Universiteit van Missouri, Columbia, het teeloeie 80mg sink vanaf Availa-Zn<sup>®</sup> ontvang vir 60 dae, waarna klougesondheid ondersoek is. Klousere en -letsels het met 43% afgeneem oor die 60-dae periode.

Organiese sinkaanvulling by ooië word dus aanbeveel teen 0,4g Availa-Zn<sup>®</sup> per dag tydens dragtigheid regdeur tot met speen. Adisionele sinkaanvulling verbeter kolostrum-gehalte, klougesondheid, wolgehalte van dragtige ooië, groei by lammers en verseker dus verhoogde opbrengs vir die produsent.

Kontak gerus u voermaatskappy of Chemuniqué direk vir meer inligting rakende Zinpro Organiese Minerale.

## Small Amounts. BIG Results.



Distributed By:  
Chemuniqué International (Pty) Ltd.  
Telephone: +27 11 789 2414  
Facsimile: 086 681 1433  
Email: [efficiency@chemuniqué.co.za](mailto:efficiency@chemuniqué.co.za)

Research-proven responses to supplementing the ewe and lamb with a highly bioavailable source of zinc:

- Improved colostrum quality
- Increased lamb growth and weaning weight
- Improved wool staple strength and diameter
- Increased dry matter intake during late gestation
- Improved hoof integrity

Zinpro Performance Minerals set the industry standard for strong returns, proven performance and unrivalled product quality standards. Accept no substitutes.



[www.zinpro.com](http://www.zinpro.com)